

Maandag 30 Januarie

Skrifgedeelte: 1 Petrus 4

Fokusgedeelte: 1 Petrus 4:14

Die Heilige Gees is die Gees van heerlijkheid

Dis asof ons weer na Jesus se saligsprekinge luister, maar nou in 'n kon-tekst van geloofsvervolging. Hoe moet ons oor geloofsvervolging dink?

Ons het vandag talle voorbeelde van mense wat iets van die Christelike godsdiens weet, maar nie vir God ken nie en daarom allerlei lasterlikhede kwytraak en gelowiges beledig en bespot. In plaas van om Hom te verheerlik, word Hy en syne vervloek. Dis baie sleg om dit te ervaar. Baie keer het ons geen verweer nie, en om tot dieselfde vlak te daal, is ook nie aangewese nie.

Petrus, wat self eens vloekend ontken het dat hy die Man ken, is (as hy hier skryf) die nuwe mens wat sy Here baie liefhet en sy kudde oppas (Joh. 21). En met 'n mooi Naam beskryf Petrus nie die Heilige Gees hier nie?!

Self het Petrus dit op die Pinksterdag beleef, waarna hy tot verstomming van talle die skare toegesprek het: die Gees van heerlijkheid! Te midde van en ongeag lyding, uitsluiting, spot, belediging, vervolging, is daar iets aan en in 'n gelowige wat jou anders laat dink en optree en praat en doen ... die Gees van heerlijkheid neem beslag van jou lewe. Nie die negatiewe oorheers jou nie, maar die verheerliking waarin jy deel.

Die benaming “Gees van heerlijkheid” kom waarskynlik uit die *targums*, dit was parafrases, verduidelikings en interpretasies van die Bybel in die gewone praattaal van die luisteraars. Met soveel opgewonde eerbied het die gelowiges reeds uit Ou-Testamentiese tyd oor God gepraat dat hulle Hom nie by die naam genoem het nie, maar van Hom as die “Heerlike” gepraat het. En dit is presies wat Petrus hier doen. Vir Hom is die Heilige Gees God, Hy is die “Heerlike”!

Midde-in lyding ... is die “Heerlike” by, met en in jou! Dit klink soos 'n anomalie, maar juis dit word die ervaringsgenade vir gelowiges.

Sing: Psalm 146:2

Dr. PK (Piet) Lourens (Emeritus)